



VOL 17:2013 ISSN 1683-1713

RekNuuus



Algemene nuusgids van die SKOOL VIR REKENINGKUNDE

IN HIERDIE UITGAWE

- 1 Departement bereik twee mylpale in sy geskiedenis in 2013
- 2 Oudstudiante behaal skitterende uitslae in eksterne professionele eksamens
SAIGR se Initial Test of Competence (voorheen bekend as die KE 1 eksamen) - 2013
IRBA Openbare Praktykeksamen (voorheen bekend as die KE Deel II: Ouditkunde) - 2012
SAIGR Kwalifiserende Eksamen Deel II: Finansiële Bestuur - 2012
- 3 Top dosente moet toeganklik wees
Rektor inspireer met sy lewensverhaal
- 4 Magister student in Taxation awarded for excellent thesis
Soon Nel receives international award for research in France
- 5 Studente van die Skool vir Rekeningkunde kom op met wen-idees
- 6 Internet security and privacy ... how is this affected by user behaviour?
- 7 Skool vir Rekeningkunde spog met veelsydige studente
- 8 Educating future accountants to save the world
- 10 Bread Tags for Wheelchairs Class Project
- 11 Improving financial management skills of small business owners
- 12 Twee omvangryke wysigings ten opsigte van die belasting van natuurlike persone
- 14 Making an impact beyond university
- 16 Launching innovative ideas and cultivating entrepreneurs
- 17 Dosente erken vir hul bydrae tot Eerstejaarsakademie
- 18 Jaarlikse Prysuitdelingsfunksie
- 20 Helping to inspire success across South Africa
- 21 Skool vir Rekeningkunde groei met ere-alumni
- 22 POPI to protect your private information
- 24 Thuthuka Accounting students off to Europe
The politics behind internal control and financial statements
- 25 SciMathUS bridging program offers a new view of the future
Accounting students attend Winter School and Workshop
- 26 Implementing IT Governance
- 28 Personeellede van die Skool verwerf grade
Skool vir Rekeningkunde steeds onoorwonne
- 29 Personeellede wat die Skool se diens verlaat het
Personeelaangeleenthede
- 30 Navorsing deur en ander betrokkenheid van personeel

HIERDIE BLADSY IS GEBORG DEUR

Departement bereik twee mylpale in sy geskiedenis in 2013

2013 was voorwaar 'n belangrike jaar in die geskiedenis van die Departement Rekeningkunde. Benewens vele bydraes en prestasies van studente en personeel op die gebiede van onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie waarvoor elders in RekNuuus berig word, het die US Raad onlangs goedgekeur dat die Departement Rekeningkunde voortaan verander na die Skool vir Rekeningkunde (Engels: *School of Accountancy*) en verder ook dat die BRek- en HonsBRek-programme voortaan in parallelmedium aangebied word.

Die Skool vir Rekeningkunde

Die Skool vir Rekeningkunde is, soos die geval was met die Departement Rekeningkunde, in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe gesetel. 'n Direkteur staan aan die hoof van die Skool en dien ook ex officio as vise-dekaan van die Fakulteit.

Die missie van die Skool, wat die visie van die Fakulteit ondersteun, is om een van die top instellings in Suid-Afrika te wees in die opleiding van professionele rekenmeesters deur uitstekende:

- interne studente-deurvloeiakoerse te behaal;
- uitslae van studente in eksterne eksamens te behaal;
- gekwalifiseerde personeel met professionele kwalifikasies aan te stel; en
- vlakke van navorsingsuitsette te handhaaf.

'n Adviesraad, wat uit 'n kombinasie van werknemers van Stellenbosch Universiteit en kundiges en rolspelers van buite die Universiteit bestaan, word vir die Skool in die lewe groep om te adviseer oor belangrike sake wat die Skool raak.

Die herstrukturering van die Departement na die Skool bied verskeie geleenthede om die bostaande missie van die Skool op 'n gefokusde wyse na te streef.

In die lig van bogenoemde en ter wille van eenvormigheid word daar regdeur die RekNuuus na die Skool vir Rekeningkunde (Engels: School of Accountancy) eerder as die voormalige Departement Rekeningkunde verwys.

Die BRek- en HonsBRek-programme in parallelmedium

Parallelmedium behels dat 'n student die keuse het om al sy/haar klasse in of Afrikaans, of Engels te loop. Tot en met 2013 is slegs die eerstejaar van die BRek-program in parallelmedium aangebied. Vanaf 2014 word parallelmedium nou uitgerol na die tweedejaar, vanaf 2015 na die derdejaar en vanaf 2016 na HonsBRek. Dit impliseer dat eerstejaarstudente wat vanaf 2014 vir die BRek-program inskryf, hul voorgraadse en nagraadse studies aan die Skool vir Rekeningkunde ten volle in of Afrikaans of Engels kan voltooi.

Dit het vereis dat die toelatingsvereistes vir die BRek-program vanaf 2014 verander word om Afrikaans OF Engels as skoolvak in te sluit en nie meer, soos voorheen, beide Afrikaans EN Engels nie. Hierdie belangrike verandering verbreed onder andere toegang tot die BRek- en HonsBRek-vlagskipprogramme van die Skool vir Rekeningkunde en kan na verwagting 'n belangrike bydrae lewer tot transformasie van die studentekorps wat deur die Skool bedien word, wat op sy beurt weer die strategiese fokusse van die US ondersteun.

Diens | Gehalte | Vertroue
Service | Quality | Trust



RIW

RADEMAYER WESSON
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA) - Chartered Accountants (SA)

www.rademayerwesson.co.za • info@radwes.co.za • 021 914 8880

Oudstudente behaal skitterende uitslae in eksterne professionele eksamens

Die Skool vir Rekeningkunde is baie trots op die uitstekende prestasies van sy oudstudente in die onlangse eksamens van die onderskeie professionele liggame wat van die Skool se oudstudente na afloop van hulle formele studie aan die Universiteit Stellenbosch afgelê het. Die Skool is ook baie dankbaar teenoor al sy dosente wat 'n direkte of indirekte bydrae tot dié merkwaardige prestasie van die Skool se oudstudente gelewer het.

SAIGR se Initial Test of Competence (voorheen bekend as die KE I eksamen) - 2013

Die 2012 HonsBRek-studente van die Skool het in Januarie 2013 die Initial Test of Competence (ITC) eksamen van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) afgelê. 97% van hierdie studente was suksesvol in die eksamen, teenoor 'n landswye slaagkoers van 86%. Dit plaas die Skool vir Rekeningkunde van die Universiteit Stellenbosch in 'n landswye gesamentlike tweede plek onder die groot SAIGR geakkrediteerde universiteite. Dit is ook verblydend dat oudstudente Heidi du Toit en Riaan van Deventer die eksamen met lof geslaag het en sodoende plekke onder die Top 21 studente in Suid-Afrika behaal het.

IRBA Openbare Praktykeksamen (voorheen bekend as die KE Deel II: Ouditkunde) - 2012

Die HonsBRek-studente wat in 2010 by die Skool afgestudeer het, het gedurende die tweede helfte van 2012 die Openbare Praktykeksamen van die Independent Regulatory Board for Auditors (IRBA) afgelê. 92% van die Skool se oudstudente wat die eksamen afgelê het, het geslaag, teenoor 'n landswye eerste poging slaagsyfer van 82%. Verder het die volgende oudstudente van die Skool vir Rekeningkunde plekke onder die Top 10 landswyd in die eksamen behaal: Ludré Swift (gesamentlike vierde plek) en Dewald Terblanche (agste plek).

SAIGR Kwalifiserende Eksamen Deel II: Finansiële Bestuur - 2012

Slegs een van die Skool vir Rekeningkunde se HonsBRek-studente van 2010 het die Kwalifiserende Eksamen Deel II: Finansiële Bestuur van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) in November 2012 afgelê, by name Christopher Martin von der Heyden. Hy het die gesamentlike agste plek landswyd in die eksamen behaal. Die landswye eerste poging slaagsyfer in dié eksamen was 81%.

HIERDIE BLADSY IS GEBORG DEUR

Op pad na sukses

Ons uitslae in Deel II van die Raadseksamen getuig van die uitnemendheid van die mense wat vir ons werk.

PwC het 'n 85% slaagsyfer in Deel II van die Raadseksamen behaal en ses uit die Top 10 wat die Deel II eksamen geslaag het, werk by PwC.

Ons is besonder trots op Dewald Terblanche (foto) wat 'n algehele agste posisie behaal het. Dewald is 'n oud-student van die Department van Rekeningkunde en werk tans by ons Century City kantoor.



*Dewald Terblanche
8ste in Suid-Afrika*

Top dosente moet toeganklik wees

Studente aan US se Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het die afgelope tyd vir hul mees inspirerende voorgraadse dosente gestem. Die 12 top voorgraadse dosente is aan die einde van Oktober 2013 by 'n spoggerige geleentheid te Kleine Zalze bekoon.

Nie minder nie as sewe uit die top 12 voorgraadse dosente van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het uit die geledere van die Skool vir Rekeningkunde gekom. Boonop is die algehele winner, Rudie Nel, en naaswenner, Sophia Brink, ook onder dié sewe. Dit is die tweede agtereenvolgende jaar dat Rudie Nel, 'n Belastingdosent by die Skool, as die winner aangewys word. "Dis 'n besondere voorreg om die prys twee jaar na mekaar te wen, ook omdat dit die laaste jaar is dat ek daarvoor in aanmerking kom. Vanaf volgende jaar gee ek slegs vir nagraadse studente klas," het hy gesê.



Die top voorgraadse dosente van die Skool vir Rekeningkunde

Van links na regs: George Nel, Mareli Dippenaar, Roelof Baard, Stephan Kruger, Rudie Nel (algehele winner), Elmarie Swanepoel, Sophia Brink (naaswenner) en prof. Pierre Olivier (Direkteur van die Skool vir Rekeningkunde)

Die dosente van die Skool wat onder die top 12 dosente was, verskyn op die foto, saam met die Direkteur van die Skool. Prysgeld van meer as R230 000 is deur *Die Burger* geborg. Die 10 top dosente het elk R10 000 gewen, terwyl die algehele winner R100 000 en die naaswenner R30 000 ontvang het.

Altesaam 43% van die Fakulteit se finalejaarstudente het aan die stemproses deelgeneem. Volgens die studente het topdosente veral twee eienskappe in gemeen: uitstekende onderrigvermoë en toeganklikheid. Elf studente wat aan die stemproses deelgeneem het, het elk R1 000 elk. Shani Joubert het op die aand ook 'n iPad gewen.

Rektor inspireer met sy lewensverhaal



Prof. Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch

Op 22 Augustus 2013 het prof. Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch (US), die Stellenbosch Thuthuka studente van die Skool vir Rekeningkunde toegesprek. Die titel van sy aanbieding was "Never giving up on your dreams". Hy het sy lewensverhaal ter illustrasie van hoe hy sy drome bewaarheid het met die studente gedeel.

Prof. Botman het sy toespraak begin deur sy oupa, 'n plaasarbeider, as voorbeeld te gebruik. Dit was sy droom om sy kinders die geleentheid tot verdere opleiding te gee, maar die gesin kon net bekostig om een kind hoërskool toe te stuur, en dit was prof. Botman se pa, Karel. Ongelukkig kon hy om finansiële redes nie sy skoolopleiding voltooi nie. Jare later is hy egter terug skoolbanke toe – saam met sy seun, Russel! Hy het sy skoolloopbaan voltooi, en is universiteit toe om teologie te studeer. Sy seun het mettertyd in sy voetspore gevolg en ook teologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) gaan studeer. Die droom het begin by sy oupa, is voortgesit deur sy pa en uiteindelik is die droom van opleiding ook vir homself bewaarheid.

Prof. Botman het gepraat oor sy betrokkenheid as studenteleier by UWK, sy latere aanstelling as personeelid daar – eers as dosent en toe dekaan – voordat hy by die US aangesluit het. Hier het hy gevorder tot vise-rektor voordat hy in 2007 die hoogste sport bereik het.

Prof. Botman het beklemtoon dat die toekoms in kennis lê en dat die Thuthuka studente tans op die beste plek is daarvoor – nie net om te leer nie, maar om self kennis te skep en toe te pas tot voordeel van die hele samelewing. Die boodskap dat sukses alles begin met 'n droom het die studente op die punt van hul stoele gehad en gemotiveer en geïnspireer om hulle eie drome na te jaag.



Prof. Botman saam met 'n groep van die Stellenbosch Thuthuka studente

Magister student in Taxation awarded for excellent thesis



Silke Bovijn (middle) receives her prize

Silke Bovijn, a former BAccLLB student, won the annual Norton Rose Tax Thesis Competition in the Masters category. To enter this competition, a student's work must be topical, must have been subjected to external examination and a mark of at least 75% must have been awarded. Strict assessment based on content, structure, clarity, readability and style is performed by a panel of judges comprising senior tax partners from Norton Rose, an in-house tax counsel of the South African Institute of Professional Accountants (SAIPA) and a respected external judge. Silke won prize money of R11 000 and her study leader,

Prof. Linda van Schalkwyk, a Taxation lecturer at the School of Accountancy, also accepted a similar prize on behalf of Stellenbosch

University. It is the third time in the five years of the competition that a student of Prof. Linda van Schalkwyk has won the prize in the Masters category. Silke's thesis investigated the development, operation, constitutionality and the remedies of a taxpayer regarding the warranted and warrantless search and seizure powers of the South African Revenue Service (SARS) in South African Income Tax Law. Silke also won the Stellenbosch University medal for the Top Magister student of 2012 in the Faculty Economic and Business Sciences.



Prof. Linda van Schalkwyk (middle) receives the prize on behalf of Stellenbosch University

Soon Nel receives international award for research in France

Soon Nel, a Management Accounting lecturer at the School of Accountancy, attended the European International Academic Conference in June 2013 in Paris, France. A total of 337 delegates from 40 countries attended the conference, culminating in approximately 176 presentations and poster sessions, largely focusing on topics related to business, management, accounting, finance and economics. He presented a paper from his PhD-related research titled "The valuation performance of equity-based multiples in South Africa", which was voted the joint best paper together with a paper presented by two MIT alumni. Soon is currently finalising the paper for publication in an accredited journal.

The paper investigated the relative valuation performance of various value drivers and their respective bias tendencies when valuing the equity of South African companies listed on the JSE Securities Exchange for the period 2001 to 2010. The empirical results revealed, among other findings, that earnings-based value drivers offered the highest degree of valuation precision, while sales-based value drivers offered the lowest degree of valuation precision. Dividend- and asset-based value drivers produced average results. An interesting phenomenon was that, contrary to popular belief, cash flow-based value drivers offered only marginal improvements in valuation precision relative to sales-based value drivers; and not consistently so. On an individual value-driver basis, the results indicated that headline earnings was by far the most accurate value driver and, contrary to popular belief, EBITDA and EBIT were only fourth and fifth best alternatives. The evidence suggests that, when employing multiples to perform equity valuations, a careful selection of value drivers could increase valuation accuracy by as much as 50.03%. The results also suggested that multiples tend to be biased to the downside, i.e. multiples tend to underestimate the value of equity. Fortunately Soon also had some time to relax and explore Paris after the Conference. On the photo to the right Soon appreciates the exhibition at one of his favourite champagne houses.



HIERDIE BLADSY IS GEBORG DEUR

Studente van die Skool vir Rekeningkunde kom op met wen-idees



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

Verskeie studente van die Skool vir Rekeningkunde was die afgelope jaar onder die wenners van die Stellenbosch Ideekompetisie (Engels: *Stellenbosch Idea Competition (SIC)*). SIC is 'n kompetisie wat geloods is deur Innovus om aspirant entrepreneurs 'n hupstoot te gee. Die kompetisie bied 'n platform wat deelnemers in staat stel om waardevolle terugvoering in 'n ondersteunende en entrepreneursvriendelike omgewing te ontvang. Die doel is om 'n *veilige* omgewing te skep waar deelnemers groot kan droom, sonder vrees vir mislukking.



Die inisiatief behels verskeie werkswinkels en geskrewe aanbiedinge ten einde te bepaal watter idees werklik uitvoerbaar en winsgewend is. Uit die vele inskrywings wat ontvang word, word 'n paar idees gekies om voor 'n raad van beoordelaars te dien en 'n kans te staan om moontlik 'n prys te wen. Volgens prof. Russel Botman was daar "die afgelope paar jaar 'n ontploffing van inisiatiewe ter bevordering van entrepreneurskap. Die SIC is een daarvan, en dit het reeds talle suksesverhale opgelewer van Maties wat met innoverende sake-idees vorendag kom en dit dan in die praktyk in werking stel."



Die wenners van Stellenbosch Ideekompetisie is by 'n geleentheid, wat ook gedien het as die opening van die Launchlab, op 1 Augustus 2013 bekendgemaak. Wen-idees se pryse het ingesluit: 'n kontantbedrag, mentorskap deur ervare entrepreneurs, sitplekke binne die Launchlab (Universiteit Stellenbosch se inkubator), asook bykomende pryse soos winkelspasie en patentekonsultasies.



Onder die wen-idees van vanjaar se kompetisie was die volgende idees van studente van die Skool vir Rekeningkunde:

Michelle Laubscher was een van die deelnemers van die Deloitte se Bedryfsuitdaging, waarin deelnemers met idees vorendag moes kom om die opvoedingskrisis in Suid-Afrika te verbeter. Michelle se idee was 'n portuur-tot-portuur onderwysinisiatief (Engels: *peer-to-peer education*) vir graad 10 tot graad 12 leerders, aangesien sy glo dat leerders beter verstaan wanneer begrippe deur mede-leerders aan hulle verduidelik word. Michelle het besluit om haar idee in 2014 tot uitvoering te bring deur die graad 11's van Hoërskool Stellenbosch betrokke te kry. Sy hoop dat sy deur die uitvoering van haar idee 'n verskil sal maak en glo dat indien slegs een leerder hierdeur gehelp word, dit sal lei tot een minder leerder wat nie slaag nie. Michelle het 'n passie vir onderwys en haar groter droom is om eendag haar eie skool te stig.



Derick Truscott het saam met Jean Breytenbach en Chris Coetzee, twee BSc studente, met 'n prys weggestap vir hulle idee, genaamd *Cuda*. *Cuda* bestaan uit 'n toepassing (Engels: app) vir studente om hul akademiese produktiwiteit te verbeter, asook om op hoogte te bly met alle gebeure op en rondom kampus. Die idee is om 'n student se hele universiteitservaring na die gerief van sy/haar selfoon te kondenseer. Die *Cuda*-wenspan beplan om hulle idee in 2014 op Universiteit Stellenbosch se kampus te loods.

Bruwer van Dyk se idee *The Recycling Squad* is ook as een van die wenners aangewys. Bruwer se idee is 'n selfonderhoudende, winsgewende afvalherwinningskema vir implementering in kusdorpe. Bruwer is tans besig met mentorskap en hoop om sy skema later vanjaar in werking te stel.



Vir meer inligting oor die Stellenbosch Ideekompetisie besoek <http://www0.sun.ac.za/sic>.

HIERDIE BLADSY IS GEBORG DEUR



bgr Student

www.bgr.co.za

Experience the Difference . Ervaar die Verskil



BGR De Jager Boshoff
MALMESBURY



BGR De Villiers Inc | Ing.
PAARL



BGR Broodryk Kotzé | FHBC
WELLINGTON



BGR Jacobs & Partners | Vennote
WORCESTER



BGR Peyer Turner Inc | Ing.
SOMERSET WEST

Internet security and privacy ... how is this affected by user behaviour?

Internet security and privacy are areas of growing concern for most businesses, and with a shift towards what was called Web 2.0, the potential risk is unlikely to abate in future. This trend is driven by the new generation of internet users entering the workforce and bringing with them a familiarity with Web 2.0. Organisations have responded by ensuring users gain access to data and resources, without thinking about whether users should have access, how they gain access and how that access is controlled.

Modern internet users are much less risk averse than traditional internet users and companies must take this into account when relying on controls they implement online. Although internet users are aware of the risks, research suggests that it did not have much influence on their online behaviour because users felt their activities did not expose them to the risks highlighted in the media. A common sentiment is, *It only happens to other people*. Most users take some measures to protect themselves online, but they implement these safeguards in a haphazard manner, not addressing all the risks. This means that they are still exposed to threats.

In order to limit the risks of Web 2.0, safeguards could be implemented – by relying on computer settings, limiting use of the internet, self-protection and training, policy implementation or review controls, to name but a few. One does however need to ask, *how effective are these safeguards?*

Some users are able to customise the security settings of their browser and/or the Web 2.0 site they visit, but most do not – often because they do not know how to do this. In many other cases, the settings are incorrectly configured.

Many organisations have internet policies that govern the use of company resources. Many users would comply with such a policy, if they were aware of it. However sadly, most users do not even read the policy document governing internet usage.

Monitoring internet activity is frequently cited as a safeguard. However, research showed that many users would only limit their activities online or stop using the internet if they were aware of the fact that they were being monitored and that the information they submit online is being stored. Most users are not even aware that they could be or are being monitored, nor do they know how to determine whether their activities are being monitored. Others argue that with the large volume of online activity, it would be impossible for their activities to be monitored effectively by their employers and, consequently, they would not change their habits, irrespective of whether it would expose them to risks.

Limiting information submitted to the Web 2.0 site is another popular method of protection. A recent study by the Department of Accounting found that two thirds of users sampled made their information available to their friends. Others restricted access to their profiles by giving as little personal information as possible, only disclosing information to known friends. Unfortunately the average internet user has at least a handful of 'online friends' who they do not know. Another popular control is relying on password protection. These controls are not always the best solution. Relying solely on the users to safeguard a company's assets is ineffective. Alternative controls that do not rely on user interaction are necessary. The best safeguards probably lie in implementing automated safeguards, where possible. The effectiveness of implemented online internal controls needs to be reconsidered.

This article was written by Riaan Rudman, a senior lecturer in Auditing at the School of Accountancy and co-presenter of the MComm (Computer Auditing) course. The next cycle of the MComm (Computer Auditing) course commences in 2014. For more information on the course please visit the School's website at <http://academic.sun.ac.za/accounting/maccomp.html>.

The internet is evolving...

Web 1.0, the old era:

Originally the web operated as a static web browser where users could download websites created by a company. Users were only able to view the information provided on the website, with little interaction. Everyone that viewed that particular website saw the same website containing information which did not change. Most of the content was produced by companies.

Web 2.0 era:

This era sees websites that are dynamic, instantaneously update, relying on content created by companies as well as any other internet user. User generated content is made part of the company's website. As a result, every user sees and interacts with a particular company's website that is unique to that user, is interactive and changes frequently. Examples include content generation (blogs, wikis, RSS feeds), social networks (Facebook, LinkedIn, Twitter), sharing video and audio recordings (podcasts and apps such as YouTube), trading products (eBay), and even living in virtual worlds (Second Life).

The next era, Web 3.0:

This phase will constitute a shift in the manner in which online technology is used. Internet content will be generated based on computer intelligence and algorithms. Websites will be customised with what the computer "thinks" the user wants to see, based upon the particular user's past internet activities as well as information obtained from other sources.

Skool vir Rekeningkunde spog met veelsydige studente

Talle van die Skool vir Rekeningkunde se studente behaal jaarliks besondere prestasies op verskeie terreine buiten slegs op akademiese gebied. Hieronder word slegs enkele sulke prestasies uitgelig.

Anica Potgieter is aan die begin van 2012 verkies om vir 'n twee jaar periode te dien op die Junior Adviserende Raad van die IE Universiteit van Madrid, Spanje. Slegs 12 leeders van reg oor die wêreld dien op hierdie Raad. Anica is die enigste persoon van Suid-Afrika wat op die Raad dien. Die doel van die inisiatief is om jeug uit diverse dele van die wêreld saam te bring om sodoende verskillende perspektiewe en menings oor universiteitsopleiding te deel en dit gevolglik in die universiteitsprogramme in te werk. Anica het gedurende Junie 2013 'n vergadering by die IE Universiteit se Segovia Kampus in Spanje bygewoon, waar sy verskeie werkwinkels bygewoon het. Op die laaste dag van die vergadering moes sy terugvoering gegee aan die Rektor, dekane en verskeie lede van die senior adviserende raad. Vir verdere inligting besoek <http://jab.ie.edu/members>.



Matt Gorlei was selected to the South African Youth Fly Fishing team for a third year to compete at the 2013 World Youth Fly Fishing Championships in Ireland. At the World Championship Matt and his team succeeded in winning a bronze medal. After finishing in the 8th position on day one of the Championships, the team regrouped and on day 2 Matt won the session in which he participated, and the team progressed to an overall 6th position. This was the turning point in the competition for the SA team, says Matt. On day 3 the team worked well together, tying the working fly patterns for each other, sharing techniques that had worked on the different waters and focusing on the goal at hand – a podium finish. The team ultimately finished in 3rd place, behind the USA and Ireland. With this they beat some of the best fly fishing countries in the world including France, Czech Republic, Spain, and Canada. Matt remarks that "standing on the podium in our South African colours was a proud moment for us and the highlight of my personal journey of fly fishing in South Africa, a discipline where the playing fields are never equal but determination, belief and focus on the goal eventually meet reward."



Janice Farmer (front row right) with some of her fellow participants

Janice Farmer was one of the top 30 finalists who attended the Student Leadership Summit presented annually by the South African Institute of Chartered Accountants (SAICA) in Sandton in August. The weekend kicked off with a prestigious gala event, led by world renowned speaker Vusi Thembekwayo. Some of the VIP guests included Mr. Terence Nombembe (the Auditor-General), Suresh Kana (Chairperson of SAICA and CEO of PWC SA), Walter Marte (CFO of Nedbank Wealth), Nonkululeko Gobodo (First black female CA(SA) and founder of SizweNtsalubaGobodo). Janice got the opportunity to converse with all of the VIPs! The Saturday was spent being groomed to become well-rounded, open-minded leaders. Participants enjoyed insight and advice from other phenomenal, home-brewed leaders. The summit was concluded with a cosy, lively dinner at Mojo's near the Zoo Lake. Janice would encourage every student to challenge themselves, by embracing this opportunity. According to Janice it is "a once in a lifetime experience and it changed my life; my way of anticipating the daily. Not only did I get to network with some of South Africa's finest business leaders, but also met 27 new young, dynamic, humble, intellectual, gifted, unique leaders and I'm already building relationships with them."

Nadat hulle 'n goue medalje by die Suid-Afrikaanse Ope Judo Kampioenskappe verower het, is Stefan Erlank en sy kata-maat gekies om in Oktober 2013 aan die Judo Wêreld Kata Kampioenskappe in Kyoto, Japan deel te neem. Om oorweeg te word vir die span moet 'n deelnemer 18 jaar oud wees en 'n swart gordel hê. Stefan doen al 11 jaar lank judo en het Suid-Afrika ook in 2012 by die Judo Wêreld Kata Kampioenskappe, wat toe in Italië plaasgevind het, verteenwoordig.



Henry Koekemoer het 'n Rektorstoekening vir Uitnemende Prestasie in die kategorie van Dienslewering ontvang by die jaarlikse Rektorstoekenningsfunksie wat op 15 Oktober 2013 gehou is. Die Universiteit Stellenbosch maak jaarliks toekennings aan studente vir uitnemende prestasie in die kategorieë van leierskap, akademie, dienslewering, gemeenskapsinteraksie, kultuur en sport, nadat aansoeke deur die Studenteprestasiekomitee beoordeel is. Gedurende 2012 en 2013 het Henry onder andere opgetree as studente-leier by die 1ste generasie kampe, op Universiteit Stellenbosch se Senaat gedien en in Luister, Leef en Leer (LLL) gebly. Henry is ook aangewys as een van die agt LLL-interns wat volgende jaar in die nuwe LLL-Village op Stellenbosch kampus gaan bly.

Educating future accountants to save the world

Humanity is currently facing multiple crises ranging from a global financial recession, increased socio-economic inequality, dwindling natural resources, fears surrounding water and food security, climate change, ecosystem degradation and the loss of biodiversity. It is becoming increasingly clear that the current economic system and development paradigm will have to undergo a fundamental change in order to create more equitable, low-carbon, resource-productive and zero-waste economies. Considering these challenges Peter Bakker, President of the World Business Council for Sustainable Development and former CEO of TNT, raised a view eyebrows at the Rio+20 Summit when he stated that "Accountants will save the world".

Accountants...?!

Looking from a purely disciplinary perspective the link between the sustainability challenges faced by humanity and Accounting is tenuous at best. We are tempted to shrug and say these issues must be dealt with in other Faculties, by other disciplines. And let's face it – Accounting as a discipline can hardly be seen as innovative, radical and at the forefront of social change. Once accountants find a recipe that works, they tend to stubbornly stick with it. How could anybody expect Accountants to lead humanity into a more sustainable future? Professor Robert Gray, Director of the Centre for Social and Environmental Accounting Research at St Andrews University (best known, according to Wikipedia, as the world's most cited author in the academic study of Accounting), noted:

"It has been said more than once, that if one was looking to solve the problems of the world one would be unlikely to choose Accounting as one's starting point. However if we are to consider narratives of sustainability at the organizational level, then it is Accounts – in the broadest sense of the term – at the organizational level that we need to embrace."

The transition towards a more sustainable economy requires companies to break from its normal way of doing business and the traditional way of accounting for themselves and their actions. And accounting after all is what accountants do best. Accountants, although we sometimes forget, are knowledge workers. Their product is information. They are Information System experts trained in understanding systems, data collection and measurement, the implementation of controls and procedures to ensure that the data and information is accurate, reliable and complete.

Accounting, in the broadest sense of the word, has actually very little to do with debits and credits, or even drawing up increasingly complex and cumbersome financial statements, and more to do with data that is collected, reworked and presented as information in the form of reports. Accountants' existence is only justified if their reports are actually found to be useful and relevant for the decision makers. That does not mean that accountants should only disclose information that the decision makers think they might need or want to hear. How accountants account for the various sustainability issues, including externalities, will determine their relevance in the changing business environment.

Mervyn King, Chairman of the King Committee, noted that "we live in a changed world where corporate leaders need to embrace sustainability in order to ensure the continued creation of value." This implies that Boards and companies can no longer "face the challenges of the 21st century with the same mind-sets that created these challenges." It also implies that accountants can no longer supply business decision makers with the same information that they have always provided.

According to Peter Bakker the only way that we will get businesses "involved in solving the world's toughest problems" would be to change the rules of the game, namely the accounting rules. King III recommends the adoption of Integrated Reporting to help companies to embed sustainability issues into the company's long-term strategy. The Integrated Reporting (<IR>) process can be viewed as an Information System in which data is collected and processed. The resulting information is then communicated to stakeholders in an Integrated Report. According to King III, the Integrated Report should provide evidence of the "integrated thinking of the collective mind of the Board". The International Integrated Reporting Council's Consultation Draft of the International <IR> Framework goes further and states that the Integrated Report should discuss how the company incorporated the creation of value, relating to all six capitals (financial, manufactured, intellectual, human, social and relationship, and natural) into the business model and business strategy.

The question arose how to best equip our students to meet the challenges of the 21st century while juggling an already overcrowded vocational curricula. The obvious fit seemed to be Information Systems, which by its very nature is inherently interdisciplinary and as can be deduced from its name, focusses on Information and Systems. Anria van Zyl and Michelle de Bruyn, two Information Systems facilitators at the Department of Accounting, took up the challenge to expand the existing Business Strategy curricula that forms part of the Information Systems 284 module to incorporate sustainability. These lecturers asked their Information Systems students to leave their comfort zones and step out of the box of conformity and embrace business unusual.

The module used a blended learning approach utilising both structured tuition and peer learning. Lectures were given on topics spanning from unsustainable development, Integrated Reporting, corporate strategies, stakeholder engagement, as well as the

relevant laws and voluntary codes. Students discussed case studies relating to failed corporate strategies that resulted in social and ecological tragedies, most notably the Bhopal gas disaster, the Exxon Valdez oil spill and BP's safety record prior to the Deepwater Horizon explosion during peer learning sessions. Students pondered the business risks associated with topics such as Peak Oil, Colony Collapse Disorder, conflict minerals and water security. They also got their hands dirty poring over the pages of Integrated Reports while considering, analysing and puzzling over the information disclosed and gained practical experience in designing an information system for a *new environmentally friendly and socially responsible product line*.

It is becoming increasingly clear that the Accounting industry will have to break free from the traditional corporate reporting and accounting frameworks. It will require accountants to not merely evolve the current accounting paradigm, but it will require accountants to redefine what it means to account, measure and report on success. The profession will have to question its relevance in the changing business environment and embrace the transition, or face obsolescence which could lead to eventual extinction.

Judging from the Information Systems 284 students, there are quite a few emerging positive deviants. A positive deviant is regarded as that rare individual who see wicked problems as opportunities to create new and better solutions. With proper nurture and care, they might just succeed in saving the world.

This article was written by Anria van Zyl, an Information Systems lecturer at the School of Accountancy.



HIERDIE BLADSY IS GEBORG DEUR



Baker Tilly Greenwood

is 'n groot oudit, rekenkundige en konsultasie firma in Kaapstad. Baker Tilly Greenwood is 'n onafhanklike netwerk firma van Baker Tilly International. Deur ons toegewyde reeks dienste gee ons gemoedsrus in 'n veranderende wêreld. Mense kry prioriteit. Ongeag of jy 'n kliënt of 'n werknemer is, is dit vir ons belangrik om seker te maak dat jou verwagtinge oortref word.

www.bakertillygreenwoods.co.za

Vir meer inligting, skakel ons by: 021 410 8500
of epos ons by info@bakertillygreenwoods.co.za

'n Onafhanklike lid van Baker Tilly Internasionaal



**BAKER TILLY
GREENWOODS**

Bread Tags for Wheelchairs Class Project



As part of implementing a new module in Information Systems 284 (refer to article "Educating Accountants to save the world" on page 8 of RekNuus), the lecturers wanted to encourage awareness regarding Corporate Social Responsibility, Value Chain Management, Waste reduction and Recycling. It was decided to join the Breadtags for Wheelchairs initiative, who source bread tags and sells it to the Polystyrene Council of SA, who recycles them into various products such as seedling trays and photo frames. The proceeds are used to provide wheelchairs for disabled children and adults who cannot afford to buy it themselves. According to Mary Honeybun, the 78 year old founder and coordinator of this organization, 200kg's (10 black bags full) of bread tags is necessary to provide enough proceeds for one wheel chair.

The students were requested to collect the bread tags in groups of four to six members and were encouraged to make use of sourcing and social networking techniques to increase their bread tag collection. Sage Pastel generously offered to sponsor the project by providing a fixed cash prize for the group that collected the most bread tags before the 4th of October 2013. The students, staff of the School families and friends were actively involved in the collection process. Collection techniques included indirect contact with possible donors of bread tags via crowd sourcing on social media platforms as well as direct contact with various shops in the Neelsie, the canteens at the various residences, as well as schools and crèches. It was hoped that the groups could collect enough bread tags before the deadline to fund one wheel chair. In the end 132 kg of bread tags were collected (66% of the desired goal) in the seven month period. This roughly represents an estimated value of R 3 929 400 worth of bread that was consumed and 392 940 bread tags that has been saved from the landfills and will be recycled. The winning group collected a phenomenal 33kg and the runners up contributed 29kg. The lecturers came third by collecting 24kg. The prize giving was held on the 17 October 2013, where a representative from Sage Pastel, Megan Madden, handed over the prize money that will be divided equally between the group members. The winning group explained that they made use of crowd sourcing on Facebook to source most of their bread tags.



The Information Systems 284 Team will continue to support the National Breadtags for Wheelchairs initiative in 2014 and invites everyone reading this article to join them and to save their bread tags from the landfills and to donate it to the Breadtags for Wheelchairs project. For more information on the project watch the video at <http://www.youtube.com/watch?v=ulid64uesTo>.

From left to right: Anria van Zyl (lecturer), Michelle de Bruyn (lecturer), Carli Smit (prize winner), Janie Pretorius (prize winner), Lauren Kleintjies (prize winner), Michael Kok (prize winner), Lorenza Mostert (prize winner), Alewyn Burger (prize winner) and Megan Madden (Sage Pastel Training Consultant)

HIERDIE BLADSY IS GEBORG DEUR

KPMG

cutting through complexity

KPMG is 'n wêreldwye netwerk van professionele firmas wat Oudit, Belasting en Raadgewende Dienste lewer, met 145 000 mense in 152 lande in ons lidmaatskappye regoor die wêreld.

Deur te fokus op die kwaliteit van ons dienste, en tred te hou met die veranderinge in die mark, bied KPMG vooruitdenkende advies en toonaangewende inisiatiewe.

Kontak ons by **(021) 408 7000**

Besoek ons webtuiste vir meer inligting - kpmg.co.za



@KPMG_SA



KPMG South Africa

© 2013 KPMG Geïnkorporeerd, 'n Suid-Afrikaanse maatskappy en 'n lid firma van die KPMG-netwerk van onafhanklike lid maatskappye geaffilieer met KPMG Internasionaal Koöperatief ("KPMG Internasionaal"), 'n Switserse entiteit. Alle regte voorbehou. Die KPMG-naam, logo en "Cutting through complexity TM" is handelsmerke of geregistreerde handelsmerke van KPMG Internasionaal. MC10794

Improving financial management skills of small business owners

2013 saw another successful collaboration between various role-players to improve the financial management skills of small business owners in the Cape Winelands district. This is the second year in which the financial management training and mentoring programme, developed by Corinna Kirsten, a senior lecturer at the School of Accountancy, was offered to entrepreneurs. This year 53 entrepreneurs attended the training course, of which 37 entrepreneurs also took part in the mentoring programme. Since 2012, 118 entrepreneurs have been empowered through this programme.

The training course is designed to equip these small business owners with the necessary knowledge, skills and values to practice sound financial management to empower them to be self-reliant in making financial decisions in their businesses. The purpose of the mentoring was to allow the entrepreneurs the opportunity for one-on-one mentoring sessions with an accountant in order to receive assistance in implementing financial management tools and practices that are specific to their business.

The success of this financial management development programme is largely ascribed to the collaboration and co-ordination between the lecturers at the School of Accountancy, the accountants in practice, Stellenbosch Entrepreneur and Enterprise Development (SEED) Trust (and its business mentors) and the Cape Winelands District Municipality. This is a community interaction project in the true sense of the word, as all role-players bring together their unique skills, knowledge and resources to contribute toward developing critical skills required to manage sustainable businesses.

Corinna and four of her colleagues from the School, Zack Enslin, Riaan Rudman, Judith Terblanche and Ellane Van Wyk, presented the financial management training course during January 2013 in Stellenbosch, Paarl, Worcester, Robertson and Ceres respectively. The accountants involved in this year's mentoring programme were:

The SEED Trust is based in Kayamandi, Stellenbosch, is a registered NPO and a beneficiary of the Remgro SOS Project. SEED also provides points for companies' B-BBEE scorecards for those wishing to invest in Enterprise or Socio-Economic development according to the B-BBEE code.

Malan Botha, Henry Muller and Tiaan Groenewald (Aucamp Scholtz Lubbe); Henry Whitehead (Smith & Associates); Roxanne Smailes, Debi Grotepass, Jacques Müller and Theunis Naudé (LDP); Celia McGuiness (Tax Shop Franschoek); Gerrit Van Rhyn and Marna Barkhuyzen (Tenk Loubser & Associates); Sunetha Barnard (BARnard GR); Verna de Bod and Minéll Smit (BGR – Jacobs & Partners).

This project will take place again from January to June 2014, and anyone interested in acquiring further information about the project or who wishes to become involved is welcome to contact Corinna at: corinnakirsten@sun.ac.za.

HIERDIE BLADSY IS GEBORG DEUR

Geleenthede vir jou...


Ons bied ons leerlingrekenmeesters wye ervaring, toegewyde mentorskap, voortgesette opleiding en die opwindende moontlikheid van werk in die buiteland. Leerlingrekenmeesters word blootgestel aan 'n verskeidenheid situasies wat die moderne geotrooieerde rekenmeester nodig het om sy loopbaan voort te sit na kwalifikasie.

Vir meer inligting, besoek www.bassgordon.co.za of kontak ons by recruitment@bassgordon.co.za of 021 405 8500.

mgi
BASS GORDON
GHF
CHARTERED ACCOUNTANTS (SA)



MGI Bass Gordon GHF is lid van 'n wêreldwye alliansie van onafhanklike ouditeurs-, rekeningkunde- en konsultasiefirmas met 160 kantore in meer as 80 lande regoor die wêreld.



Twee omvangryke wysigings ten opsigte van die belasting van natuurlike persone

Mediese onkoste

Tot en met die jaar van aanslag geëindig 28 Februarie 2012 (die 2012-jaar van aanslag vir natuurlike persone) het die Inkomstebelastingwet deur middel van artikel 18 twee beperkte aftrekkings toegelaat ten opsigte van bydraes tot mediese skemas en ander mediese onkoste wat deur natuurlike persone aangegaan is. Dit het beteken dat die belasbare inkomste van 'n natuurlike persoon verminder was met die toelaatbare aftrekkings in beide gevalle.

Die aftrekking vir bydraes tot mediese skemas is met ingang van die 2013-jaar van aanslag geskrap en vervang met 'n artikel 6A belastingkrediet vir mediese skemafoorie vir natuurlike persone onder 65 jaar oud. Hierdie wysiging het meegebring dat die normale belasting betaalbaar deur sodanige natuurlike persone met vaste bedrae verminder is ten opsigte van bydraes tot mediese skemas betaal deur die persoon. Die ander mediese onkoste is steeds deur artikel 18 as beperkte aftrekking toegelaat.

Met ingang van jare van aanslag wat op of na 1 Maart 2014 begin (die 2015-jaar van aanslag), gaan die huidige stel vaste belastingkrediete vir mediese skemafoorie wat ingevolge artikel 6A toegelaat word (met jaarlikse opwaartse aanpassing) ten opsigte van alle mediese skemafoorie vir alle natuurlike persone geld (natuurlike persone bo 65 sal dus ook vir die artikel 6A- belastingkrediet vir mediese skemafoorie kwalifiseer, anders as die huidige posisie tot 28 Februarie 2014).

Sekere oorskot mediese skemafoorie en uit-die-sak mediese onkoste sal ook vanaf 1 Maart 2014 ingevolge artikel 6B vir 'n bykomende belastingkrediet vir mediese onkoste in aanmerking kom (in plaas van die a 18-aftrekking wat geskrap word). Alle belastingkrediete sal nie-terugbetaalbaar bly. Soos die huidige stelsel van aftrekkings, sal die stelsel van die artikel 6B-belastingkrediet vir bykomende mediese onkoste ook in drie kategorieë val naamlik: (i) belastingpligtiges van ouderdom 65 en ouer, (ii) belastingpligtiges met 'n gestremdeheidsfaktor, en (iii) alle oorblywende belastingpligtiges.

Die gesamentlike effek van die a 6A-belastingkrediet vir mediese skemafoorie (gebaseer op die bedrae van toepassing vir die 2014-jaar van aanslag aangesien die 2015-jaar van aanslag se bedrae eers in Februarie 2014 in die begroting aangekondig sal word) en die a 6B-bykomende belastingkrediet vir mediese onkoste vir die 2015-jaar van aanslag kan soos volg opgesom word:

Belastingpligtige	Artikel 6A-mediese skema foorie belastingkrediet ten opsigte van mediese skema foorie	Artikel 6B-addisionele mediese onkoste belastingkrediet
65 jaar en ouer	R242 (slegs die belastingpligtige), of R484 (belastingpligtige plus een afhanklike), of R484 (belastingpligtige plus een afhanklike) + R162 per verdere afhanklike vir elke maand ten opsigte waarvan die foorie betaal is	33,3% van a 18(1)(a)-foorie <i>min</i> (3 × a 6A-belastingkrediet vir mediese skemafoorie) <i>plus</i> 33,3% van die bedrag van kwalifiserende mediese uitgawes betaal deur die persoon
